# Hoërskool Transvalia

60
1958 - 2018

Tel: (016) 932-1155/6
Finansies: (016) 932-1176
Faks: (016) 932-5252
E-Pos: valia@hstransvalia.co.za
Webblad: www.hstransvalia.co.za

Posbus 12012
LUMIER
1905
H/v Schumann & Bach str.
Vanderbijlpark S.W. 5

Verwysing: ........................................

11/09/2023

**OUER-OMSENDBRIEF NO 5 VAN 2023**
Geagte Ouer/ Voog

**PERSONALIA**
Ons groet Me. Susan Andrews – Departementshoof Lewenswetenskappe en Geesteswetenskappe wat met pensioen gegaan het 31 Augustus. Ons beste wense vergesel haar.
Baie dankie vir die tyd wat sy by Hoërskool Transvalia op verskeie terreine 'n verskil gemaak het.

Hartlik welkom aan al die volgende personeel wat onlangs by Transvalia aangesluit het:

- Me. E Kriel – Natuurwetenskap.
- Mnr. H. Fick – Sosiale Wetenskap en Geografie.

Baie geluk ook aan die volgende personeel wat as Departementshoofde met ingang 1 Augustus aangestel is:

- Me. L Janse van Rensburg – Departementshoof Wiskunde.
- Me. M Herbst – Departementshoof Ingenieursgrafika en Tegnies.

**BEGROTINGSVERGADERING: 16 OKTOBER 2023**
Die ouervergadering vir die goedkeuring van die begroting vir 2024 vind plaas op 16 Oktober 2023 om 18:00 in die skoolsaal. Almal word hartlik uitgenooi om die geleentheid by te woon.

**RUGBY**
Baie geluk aan al ons A-spanne wat gekwalifiseer het vir die SDC Noordvaal semi- finale. Spesiaal geluk aan ons 0/16A-rugbyspan wat hulle finaal teen HS Middelburg gewen het.

Ons herhinner almal aan ons Valke 7's rugbytoernooi wat ons by Transvalia aanbied, Vrydag 15 September en Saterdag 16 September.

**MUURBAL**
Transvalia het 9 spelers in Poel A (Vaaldriehoekliga) ingeskryf en die span eindig algeheel tweede in die liga.

**GHOLF**
Drie van Hoërskool Transvalia se gholfspelers verteenwoordig die Noordwes Gholfunie op 10 September 2023 in Middelburg. Geluk aan:

- Wihandre Kruger
- Janko Vrey
- Markus Maree



5563 ONS Print: 0861 667 123

**KRIEKET**

Graag sê ons baie geluk aan die volgende krieketspelers wat hard gewerk het om die onderskeie Sedibeng krieketspanne te haal:

**Dogters:** - Mignon Goosen - Elani van Dyk

**Seuns:**

o/14 - Waldo Mclean - Declan Steinmann

o/15 - Janko Jacobs

o/16 - Tshepo Molakeng

o/19 - Rico Fourie - Kyle Cutler

- Dylan Steinmann - Nandus Mclean

- Jarod Francis

**ATLETIEK**

Die volgende byeenkomste is op die horison vir September en Oktober 2023.

22 September 2023 – Barry Lok-byeenkoms (Noordheuwel)
27 September 2023 – Curro Podium (Pilditch PTA)
13 Oktober 2023 – Oubaas Coetzee (DP de Villiers, Sasolburg)

Daar is 'n whatsapp-groep vir atlete en ouers waar julle kan aansluit. Oefentye en byeenkomste sal daar gekommunikeer word.




**HOKKIE**

Belangrike datums vir kwartaal 4:

- Saterdag, 14 Oktober - Spar o/13-Meisies toernooi
- Saterdag, 21 Oktober - Transvalia Five-A-Side
- Saterdag, 28 Okboter - Spar o/15-Meisies toernooi

**LANDLOOP**

Geluk en sterkte aan die leerders wat die TAC landloopspan vir die ASA landloopkampioenskappe in Port Elizabeth op 16 September verteenwoordig:

- Michaela Cowan
- Lana Dekker
- Hannah Korend
- Selna van As
- Eduan Rademan
- Tiaan van der Walt.

O/15 Meisies landloopspan wen die liga D8 en die dogtersspan eindig algeheel eerste.

- Michaela Cowan
- Lana Dekker
- Mila Louw
- Delinda Coetzee
- Selna van As
- Leané Meyer
- Mercéles van Zyl
- Mbali Khumalo

**NETBAL**

Baie geluk aan die o/17 Red Tornado's Fast 5-span wat as die Gauteng-KAMPIOENE aangewys is die afgelope naweek. Hulle neem 2-3 Oktober deel aan die SA-kampioenskappe te Hoërskool Florida in Roodepoort. Sterkte met jul voorbereiding - ons hou jul met groot verwagting dop.

**ATKV TIENER TONEEL**

Behaal brons vir algehele produksie.

Die volgende leerders ontvang toekennings in die onderskeie katagorië:

**Silwer vir ensemble spel:**

- Zoë Kruger
- Nkazi Radebe
- Elanje Roberts
- Nadia Kühn
- Lesedi Masehla
- Nachelle Fourie
- Thomas Dreyer
- Franco Kleynhans
- Janke-Daniel Steyn
- Monique Stigling
- Wilmar Pretorius

**Silwer vir verhoorbestuur**

- Zeldine Hankan

**Silwer vir beligting**

- Theanné Brewis

**Brons vir individuele spel**

- Wilmar Pretorius
- Franco Kleynhans
- Elanje Robers

**KOOR**

Geluk aan die Koor wat tydens die Kunsfees A, A+, A+ en A++ sertifikate on ontvang het.

**SPORT FOTOS**

Die uitstaande fotos vir die jaar sal op 16 en 17 Oktober 2023 geneem word.

**FOTO PAKETTE BESTELLINGS**

Laaste besteldatum is 28 September 2023. Geen bestellings sal na die datum aanvaar word nie.

**VRAESTEL 3 ENGELS EN AFRIKAANS**

Let asseblief daarop dat vraestel 3 deel is van die finale formele eksamen en dus verpligtend is. Dit word as volg geskryf:

- 27 September 2023 - Afrikaans
- 28 September 2023 - Engels

Valia groete

**JR VENSKE**
Hoof